

Respekteer verskeidenheid

Die artikel van dr. Isak Burger, "New Age", het nie goeie nuus nie (Volkblad 23/3/04) verwys. Sy onvergenoeglike "New Age"- uitsprake verdien kommentaar.

Burger "glo" klaarblyklik dat alle andersdenkende Christene die New Age- naambord moet dra. In teenstelling daarmee sien en verstaan die skrywer dat daar soveel verskillende geloofskakerings in die Bybel is as wat daar skrywers was. En dat verskeidenheid gerespekteer behoort te word en dus verdien christelike variasie erkenning en akkommodasie.

Die meeste New Agers gaan van die standpunt uit dat godsdiens primêr 'n kulturele asook 'n persoonlike saak is en as jy verskillende kulture respekteer dan respekteer jy ook alle godsdienste en kan dit jou tot God lei. Hulle het gewoonlik reeds die Christelike tradisie met al sy verpligte glo-dogmas vaarwel toegeroep.

"Alternatiewe" Christene daarenteen, is en was altyd nog binne die breëre historiese tradisies van die Christelike geskiedenis maar word as kettters gebrandmerk deur die dominante groepe van die tyd of area. Albei groepe, New-Agers en Alternatiewe Christene, respekteer egter verskeidenheid en laat dit aan God oor om elke individuele geval se meriete te evalueer. Uit resente uitsprake oor navorsing blyk dit dat slegs tussen 5 en 25 persent van die mense van die eerste wêreldse lande nog gereeld tradisionele kerke besoek en dat getalle steeds afneem. Sou dit waar wees, dan is dit tog duidelik dat die Kerke eerder hand in eie boesem moet steek.

Watter beter nuus kan daar vir 'n soekende siel wees om te weet dat God alle mense geskape het, geen ras of kulturele voorkeure het nie en dat Hy hom sal laat vind indien die soeker opreg is in sy/haar soeke. Dat vir almal wat klop die deure tot 'n verhouding met God oopgemaak sal word. Dat God alleen sal oordeel wie se godsdiens die verlangde vrugte gedra het en daarom kan dit tog nie die taak wees van enigeen van die duisende geloofsgroepe nie.

Voeg hierby die skrikwekkende feite wat hul voordoen in die berig "Gibson onttroon" in dieselfde Volksblad. Daarvolgens het die rolprent, "Dawn of the Dead", wat handel oor mensvreter-zombies wat die inwoners van 'n Amerikaanse dorp in 'n winkelsentrum vaskeer, in die eerste naweek al amper dubbel die besoekersgetalle gelok het as wat "The Passion of the Christ" in drie weke getrek het. Dan is dit mos duidelik dat redelike mense eerder spiritueel moet saamstaan om hierdie soort geestelike en verstandelike vervlakking teen te werk?

'n Laaste persoonlike opmerking- indien die hoofstroom Christelike tradisies die verdraagsaamheid kon openbaar om die mistiese Christelike tradisies van die profete, Jesus, Paulus, St. John of the Cross en Meister Eckard te kon verdra sou daar baie minder sogenaamde "New Agers" gewees het.

Albie Gibson

albie@astonbay.co.za